D. NOTULE

EERSTE SITTINGSDAG: DINSDAG 2 SEPTEMBER 2008

OGGENDSITTING – begin 10:00

'n DVD oor "Ontstaan van Noordelike Sinode" word vertoon.

OPENING – *VERKLARING 2001* word voorgelees deur ds. Johan van Loggerenberg (Noordoos-Pretoria, oudste leraar met die langste diens). Hy lees uit Openbaring 3:7-13. God het 'n oop-deur-beleid -- ook sy arms is oop; Hy hou ons vas; sinode hoef nie terug te deins vir die taak wat op ONS wag nie.
Doen 'n gebed
Die sinode sing Lied 486:1-4 *Bring aan die volke die boodskap van hoop en bevryding.*
Almal word hartlik welkom geheet.

KONSTITUERING (Bep 32.2)
Dr Gerrit Cloete (skriba) hanteer die konstituering.
'n Volledige lys van afgevaardiges volgens geloofsbriewe word in die Handelinge opgeneem as Bylae E.1. Die naamlys van persone wat met registrasie en konstituering teenwoordig was, word aangeheg as Bylae E.2.

Aantal leraars teenwoordig	186
Aantal kerkraadslede teenwoordig	184
TOTAAL	**370**
Kworum vir konstituering	246

Die 19de sitting van die Noordelike Sinode word as wettig gekonstitueer verklaar.

A.1 KOÖRDINERING EN BESTUUR (Agenda bl 3-4)
1-4 Kennis geneem

5. AGENDA VAN DIE SINODE
Bylae 1 word onder leiding van dr. Roelf Opperman (Kameeldrif) ter tafel geneem.

C.1 Tweede verslag: KOÖRDINERING EN BESTUUR
1.1 Kennis geneem
1.2 VERKIESING VAN FUNKSIONARISSE – *goedgekeur:*
Die sinode besluit
1.2.1 om die moderatuursverkiesing by hierdie sitting volgens die vereiste van Bepaling 32.2.8 te hanteer;
1.2.2 om die ander funksionarisse (diensraadvoorsitters) te kies op 'n tyd wat na die oordeel van die voorsitter, bygestaan deur die projekspan, die geskikste lyk.

ORDEMOSIE (dr L Ungerer – Raslouw) – *goedgekeur:*
A.4 punt 2.2.7 (Agenda bl 38) word nou aan die orde gestel.
2.2.7 Bepaling 32.2.9 -- *goedgekeur*
Bepaling 32.2.9 wysig om te lees:
32.2.9 Voor die verdaging van die sinode word 'n moderatuur verkies wat bestaan uit 'n moderator, assessor, aktuarius en addisionele lid wat uit afsonderlike groslyste verkies word.
32.2.9.1 Nominasies word gedoen op 'n nominasievorm wat deur die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur voorberei is en waarop die vereistes vir elke pos uiteengesit is. Voordat die groslys gefinaliseer kan word, moet elke genomineerde met sy handtekening aandui dat hy/sy die nominasie en vereistes aanvaar.
32.2.9.2 Vir die pos van aktuarius kan die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur minstens drie name van kandidate wat as geskik vir die pos beskou word, voorlê.
32.2.9.3 Geen persoon mag by meer as drie gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.

VERKIESING VAN MODERATUUR (Bep 32.2.9)
Groslys en eerste stemming:
Dr G Bothma (Bendorpark)

Ds J C Carstens (Wierdapark-Suid)
Ds R Nel (Brits)
Dr J F Pienaar (Riviera)
Dr W A Pretoruis (Kameeldrif)

A.1 Punt 5 Bylae 1: SKEMA VAN WERKSAAMHEDE (bl 5-6)
1-10 Kennis geneem

11. REËLINGS SINODE – *goedgekeur:*
Die sinode keur die reëlings vir die Negentiende Vergadering van die Noordelike Sinode soos deur die Diensraad vir Koördinering en Bestuur getref, goed.

Toestemming word gevra vir moontlike aandsitting 19:00-21:00 (indien nodig) --*goedgekeur.*

VOORDRAG: LEIERSKAP IN TYE VAN VERANDERING
Rochen de Villiers stel die spreker Wilhelm Crous bekend.

Dr JF Pienaar (Riviera) word as moderator verkies en neem die voorsitterstoel in.

Die sinode sing lied 268 – *Laat, Heer, u seën op Hom daal.*

Die moderator bedank mnr Crous vir sy voordrag en oorhandig 'n geskenk aan hom.

Bene rek van 11:50-12:00.

TWEEDE OGGENDSITTING

Verjaarsdae - geluk aan di Jan van der Vloed (Nederlandstaligen) en Anton Pienaar (Suidoos-Pretoria) met hul verjaarsdag vandag.

Voorsitter bedank die span wat saam met hom gedien het: Malan Nel, Dewyk Ungerer, Gerrit Cloete, Johan Kruger.

ASSESSOR
Groslys en eerste stemming:
Ds JC Carstens (Wierdapark-Suid)
Dr GF Claassen (Monumentpark)
Oudl (prof) Malan Nel (Suidoos-Pretoria)
Dr WA Pretorius (Kameeldrif)

Tweede stemming - prof Malan Nel en dr WA Pretorius

Oudl (prof) Malan Nel (Suidoos-Pretoria) word tot assessor verkies.

Dr Johan Pienaar deel die volgende met die sinode:
1. Met hartseer word kennis geneem van ds A Louw van Akasia se afsterwe gister. Die vergadering word vir 'n paar oomblikke stil.
2. Nuwe predikante wat eerste keer sinode bywoon word verwelkom.
3. Baie dankie vir die geleentheid om saam verder die pad te loop.

A.2 SINODALE DIENSRAAD (Agenda bl 8-17)
Kennis geneem pte 1 – 5.

Dankwoord aan al die SDR lede.

Welkom ds Nico van Rensburg (Wes Transvaal) en dr Ockie Raubenheimer (SA Londen).

Aankondigings - dr Roelf Opperman.

Dr Andrè van Niekerk (Waterkloof) doen gebed voor ete.

MIDDAGETE 12:45-13:45

EERSTE MIDDAGSITTING

Die moderator verwelkom die volgende persone by die sinode:

- Ds Willie van der Merwe (Algemene Sinode)
- Dr Johan Froneman (ABID)
- Prof Julian Muller (Teologiese Fakulteit – Universiteit van Pretoria)
- Ds Andries Louw (Funksionaris: Sinodale Getuienisforum)
- Mnr Neels Jackson (Verslaggewer: BEELD)
- Dr Chris Harris (Nuwe voorsitter van Limpopo Religious Forum)

Dankwoord – Prof Malan Nel
Prof Nel sê dankie vir die vertroue in hom gestel. Hy voel baie sterk oor die predikantebegeleiding wat 'n spesifieke funksie van die assessor is. Hy bedank dr Johan Pienaar vir sy leierskap.

VERKIESING VAN AKTUARIUS

Dr Dewyk Ungerer (Raslouw) word onbestrede herkies tot aktuarius.

VERKIESING VAN ADDISIONELE LID
Die volgende persone word genomineer:
Dr Herman Carelsen (Florauna)
Dr Gustav Claassen (Monumentpark)
Dr Fanie Cronjé (Jakaranda)
Dr Willem Pretorius (Kameeldrif)
Ds Lizl-Louise Schoeman (Valhalla)
Ds Nelius Steyn (Wonderboom)
Ds Johan van Loggerenberg (Noord-Oos Pretoria)
Dr André van Niekerk (Waterkloof)
Teologiese student Kobus van Wyngaard (Kameeldrif)

Tweede stemming - dr Willem Pretorius en ds Lizl-Louise Schoeman.

Ds Lizl-Louise Schoeman (Valhalla) word verkies tot die addisionele lid van die moderatuur.

A.2 SINODALE DIENSRAAD (Vervolg)

2.2.2.3 KERKHERENIGING
Gesprek word gevoer oor kerkhereniging. Die gesprek word voorlopig onderbreek. Voorsitter vra dat 'n luisterspan sal terugkom met voorstelle oor hoe die sinode die saak verder moet hanteer. Luisterspan bestaan uit Herman Carelsen (sameroeper), Malan Nel en Johan van Loggerenberg.

2.3 PREDIKANTEBEGELEIDING
Prof Malan Nel hou die verslag aan die vergadering voor. Die moderator bedank prof Nel, dr Roelf Opperman, ds Johan van Loggerenberg en ds WHS Wohuter (Waterberg) vir die werk wat hulle doen met betrekking tot predikanteversorging.

2.4.2.3 MORALITEIT VAN GRONDHERVORMING – *goedgekeur:*
Die sinode gee opdrag aan die SDR om steeds aan die saak aandag te gee.

2.4.3.2 GEREFORMEERDE VERSET
Die verslag (A.2 Bylae 1, p18) word terugverwys na die SDR vir verdere ondersoek en beter formulering en implementering.

Dankwoord
Ds Lizl-Louise Schoeman spreek 'n dankwoord. Sy wil graag groei en die kerk dien.

Die voorsitter reël dat die vergadering na aandete vir 'n uur sal voortgaan om verder te praat oor kerkhereniging.
Dr Roelf Opperman tref die reëlings vir die wegbreeksessies.

Die vergadering verdaag vir tee en verversings om 15:45.

WEGBREEKSESSIES

Afgevaardigdes kry geleentheid om in te skakel by twee van die volgende wegbreeksessies:
* Karakter in 'n nuwe konteks (Gemeenteontwikkeling) Gespreksleier Willem Pretorius.
* Rykdom in armoede (Gemeenskapsbetrokkenheid) (Johan van Loggerenberg / prof Flip Smit).
* Sokker-Wêreldbeker 2010 – wat 'n geleentheid! Seisoen van multi- en interkuturele bediening het aangebreek! (Getuienis) (Thinus Grobler / Martiens Swart).
* Predikant – sorg jy? (Predikantebegeleiding) (Johan van den Heever).
* Kategese – ruimtes vir kinders en jongmense waarbinne geloof ontwikkel (Johan Avenant / Waldemar Schunke).
* Kerkhereniging / Belhar-belydenis (Herman Carelsen / Jan de Beer).
* Lofprysing en aanbidding (Attie Nel / Karien Pretorius).
* Metafore sluit geheimenisse oop (Immanuel van Tonder).

AANDSITTING – begin 19:00

Na samesang vra Malan Nel name vir die verkiesing van die diensraadvoorsitters.
Gerrit Cloete verduidelik waarom premier Sello Moloto (Limpopo - provinsie) die sinode môre gaan toespreek.

A.2 SINODALE DIENSRAAD (Vervolg - bl 12)

2.2.2.3 KERKHERENIGING

Dr Herman Carelsen rapporteer namens die taakspan oor vordering met die gesprek. Na bespreking deur die vergadering word die luisterspan versoek om verder te praat en nuwe aanbevelings te formuleer.

4.1 TEOLOGIESE OPLEIDING (bl 17)

Verslag van die Kuratorium (A.2 Bylae 3 bl 32-34).
Dr PR du Toit spreek sinode toe.
1-5.5 Kennis geneem.
Die moderator bedank Flip du Toit vir sy integriteit en hulp; ook dankie aan al die studente wat hier is; dankie dat Julian Müller hier is.

Prof Julian Müller bedank sinode en SDR vir ondersteuning.

Geluk aan CS Steyn (Wonderboom), JCF Harris (Potgietersrus-Suid) en EC Wagner-Ferreira (Waverley) wat Donderdag 4 September 2008 hulle doktorsgrade ontvang.

A.4 REGTE (Agenda bl 37-39)

1-4 Kennis geneem

2.2 HERSIENING VAN BEPALINGS

2.2.1 Bep 13.1.2 – *goedgekeur:*
Wysig om te lees: Die verantwoordelikheid van die gemeente of beroepende vergadering of benoemende meerdere vergadering begin op die datum soos ooreengekom in die diensooreenkoms. Dit geld ook in die geval van proponente.

2.2.2 Bep 27.1.5 – *goedgekeur:*
Voeg by om te lees:
27.1.5.1 Na gelang van omstandighede kan die grootte van en getal wykskerkrade gewysig word.
27.1.5.2 Van hierdie wysiging(s) moet jaarliks aan die Ring verslag gedoen word.
27.1.5.3 Die Kerkraad besluit self oor die aanvul van vakatures op die wykskerkrade.

2.2.3 Bep 27.1.6 – *goedgekeur:*
Wysig om te lees:
27.1.6.1 Die Sentrale Kerkraad bestaan uit:
- Al die leraars van die gemeente;
- 'n Aantal verteenwoordigers, met sekundi, soos ooreengekom in die desentralisasie-ooreenkoms.
- Die Sentrale Kerkraad kan 'n maksimum van 3 persone ten opsigte van bepaalde kundigheid met stemreg byvoeg.

27.1.6.2 Indien 'n verteenwoordiger nie teenwoordig kan wees nie word 'n sekunduslid vir die vergadering opgeroep sodat die vergadering so na as moontlik aan voltallig sal wees.
27.1.6.3 Die verteenwoordiging moet beduidend en sinvol wees sodat die Sentrale Kerkraad nie tot 'n te klein groepie mense verskraal word nie.

2.2.4 Bepaling 30.1.3 – *goedgekeur:*
Wysig om te lees: In ooreenstemming met Art 30.2 mag die kerkraad 'n ouderling/diaken afvaardig in die predikantspos wat vakant is.

2.2.5 Bepaling 31.5 – *goedgekeur:*
'n Nuwe bepaling; huidige 31.5 word 31.6.
Bepaling 31.5 Vervreemding van gemeentelike eiendom
31.5.1 Gemeentelike eiendomme, goedere en fondse word volledig deur die kerkraad geadministreer met jaarlikse verslag aan die ring (vergelyk Reglement 9, Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse).
31.5.2 Gemeentes kan nie sonder gegronde redes van hulle eiendomme en goedere vervreem nie. Indien 'n kerkraad besluit om van sy eiendomme te vervreem geskied dit na oorleg met die ring/ringskommissie. (Wysiging later - verwys tweede oggendsessie A.4)

2.2.6 Bepaling 32.2.8 – *goedgekeur.*
Bepaling 32.2.8 wysig om te lees: Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering van die sinode. Daarna lei die uittredende moderatuur die vergadering aan die hand van die agenda wat deur die Diensgroep vir Koördinering en Bestuur opgestel is totdat die nuwe moderatuur verkies is.

2.2.7 Bepaling 32.2.9 – afgehandel by konstituering.

2.2.7 Nuwe Bepaling 35.1.2 – *goedgekeur:*
Voeg 'n nuwe 35.1.2 in en pas die numering aan
35.1.2 Vakatures
1. 'n Ouderling/diaken op die SDR bly lid van die SDR solank hy as kerkraadslid in sy gemeente dien.
2. Wanneer 'n vakature ten opsigte van ringsverteenwoordigers onstaan (primarius- en/of sekunduslede) vul die ringskommissie die vakature aan met verslag aan die skriba van die SDR.
3. Tydens die daaropvolgende SDR vergadering word die aanwys van nuwe verteenwoordigers bekragtig.

2.2.8 Bep. 35.5 Afvaardiging na die Algemene Sinode – *goedgekeur:*
Wysig om te lees: Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:
1. Die lede van die DKB.
2. Die PSD en saakgelastigde van die Sinode.
3. Die ander lede van die SDR.
4. Indien meer afgevaardigdes (sekundi of meer persone) benodig word, vul die SDR die res van die afvaardiging aan uit lede van die sinode.
5. Indien die toegelate getal afgevaardigdes na die Algemene Sinode minder is as die getal SDR-lede, stel die SDR die afvaardiging per stemming saam uit die SDR-lede. Hierdie stemming kan ook elektronies geskied.

2.2.9 Bepaling 35.6 – *goedgekeur:*
Wysig om te lui:
35.6.1 Die aktuarius is voorsitter van die Sinodale Taakgroep Regte wat deur die sinode aangewys word.
35.6.2 Die aktuarius
35.6.2.1 verstrek op aanvraag advies oor die aard en uitleg van die Kerkorde en bepalings;
35.6.2.2 sien toe dat alle besluite van die Sinode en Algemene Sinode wat wysigings aan die bepalings meebring op die juiste plekke in die Kerkorde ingevoeg en so gou moontlik gepubliseer word;

35.6.2.3 Bring kerkregtelike ongerymdhede wat onder sy aandag kom onder die aandag van die betrokke vergadering met 'n aanduiding van die moontlike weg tot herstel;
35.6.2.4 Word bygestaan deur, en doen van sy werksaamhede verslag aan, die Sinodale Taakgroep Regte.

2.2.10 - Kennis geneem

3.2 TRIBUNALE
Die sinode
2.1 bevestig dat hy gewillig is om die Verslag oor Kerklike Tribunale (vgl Handelinge Algemene Sinode 2007 bl 216) proefondervindelik te toets;
2.2 gee opdrag aan die Sinodale Taakgroep Regte om die leiding te neem en alle praktiese aksies te neem wat nodig is;
2.3 wys die lede van die STR aan om tydens die toetsperiode as lede van die Sinodale Tribunaal op te tree;
2.4 besluit dat, vir die toetsperiode, enige ondersoekliggaam wat volgens KO Art 63.1.2 saamgestel word, bygestaan moet word deur twee persone wat deur die STR aangewys word. Hierdie twee persone moet toesien dat die prosedures soos in die Kerkorde en in die voorgestelde Reglement vir Kerklike Tribunale met mekaar versoen word;
2.5 versoek dat kommentaar op die Verslag oor Kerklike Tribunale aan die STR gestuur word.

Reëlings vir môre - Roelf Opperman
Sing: Lied 454 (*Vader ons eer U)* en Lied 176 *(Halleluja U is Koning)*
Gebed: ouderling Jacob van der Merwe (Sesmylspruit)
Verdaag 20:10.

TWEEDE SITTINGSDAG: WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2008

EERSTE OGGENDSESSIE

WYDINGSGELEENTHEID (07:30)
Ds Attie Nel en die musiekspan gaan voor in Skriflesings, sang en gebed.

Verjaardae – Ds Philip Bergh en dr Cobus Small word geluk gewens met hulle verjaardae vandag.

PRESIDENT VAN ZAMBIË – *goedgekeur* **(Johan Bosman - Lusaka / Johan Haasbroek):**
Die Noordelike Sinode betuig sy opregte medelye met die lidmate van die DRC Zambië en die volk van Zambië met die afsterwe van President Mwanawasa. Ons bid dat ons Here en God u sal bystaan in hierdie tyd en u sy leiding sal gee.
'n Paar oomblikke van stilte word gehandhaaf.

DAGPROGRAM
Dr Roelf Opperman gee terugvoer oor die evaluering wat tydens die vorige sittingsdag gedoen is. Hy tref die reëlings vir die dagprogram en die ordereëlings vir die tafelprosedure.

'n DVD van verskillende jongmense se sienings van KERK en JESUS word vertoon en word gevolg deur tafelgesprekke.

A.3 ONDERSTEUNINGSDIENSTE (Agenda bl 35-36)
Dr Johann Voges hou die verslag aan die sinode voor.
1 – 5.2 Kennis geneem.

Die voorsitter bedank dr Voges en die personeel van die sinodale kerkkantoor, mnr Johan Krüger, me Sandra Grobler en me Naomi van Wyk vir hulle toegewyde werk.

5.3 BESKRYWINGSPUNT : RING VAN WATERBERG (Sinodale bydraes) – *goedgekeur:*
Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

VOORSTEL: SENTRALE BETAALSTELSEL (L Ungerer/R Hugo) **–** *verwys na SDR:*
Die Sinode versoek:
1. die SDO om ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n sentrale betaalstelsel vir leraars in die Noordelike Sinode.
2. die SDO om aan die SDR verslag te doen.

AANBIEDING: PREMIER SELLO MOLOTO

Mnr Sello Moloto, premier van die Limpopo-provinsie, word hartlik verwelkom deur dr Chris Harris en aan die woord gestel. (Vgl E.3 vir die inhoud van sy toespraak)
Die moderator bedank hom vir sy besoek. Hy verseker die premier van die kerk se ondersteuning en samewerking om die uitdagings van die herstel van morele waardes in die provinsie die hoof te bied. Hy oorhandig 'n Engelse Bybel aan die premier.

Prof Malan Nel gaan die vergadering voor in gebed vir die nasionale regering asook vir die regering van die Limpopo Provinsie.

Tafelbespreking word gevoer om te reflekteer op gebeure van gister en vanoggend en terugvoer word gegee. Die volgende vrae kom aan die orde:
1. Wat het jy geleer en beleef?
2. Wat maak jou onrustig?
3. Wat maak jou opgewonde?

Die moderator verwelkom die leraar en ouderling van die plaaslike VGK gemeente.

Dr Roelf Opperman doen aankondigings.

Sekretaressedag -- die assessor oorhandig geskenkbewyse aan Hermien Swart, Sandra Grobler en Naomi van Wyk uit waardering vir hulle dienste.

MIDBYT = 10:15 – 11:15 (piekniek word gehou!)

TWEEDE OGGENDSESSIE

A.5 GEMEENTE-ONTWIKKELING (Agenda bl 40-42)
1-5 - kennis geneem.

6. SCENARIOBEPLANNING (vgl Bylae 1 bl 43-47)
1-5 - kennis geneem.

2.6 VOORTGESETTE BESINNING – *goedgekeur:*
Die sinode gee opdrag aan die Sinodale Diensraad Gemeenteontwikkeling om in samewerking met ander diensrade, ringe en gemeentes voort te gaan met die gesprek om in die kompleksiteit van 'n 21ste-eeuse wêreld 'n missionêre plan uit te werk waarin gemeentes en lidmate geroep word om as gelowiges in die wêreldgemeenskap te leef.

Dr Willem Pretorius voer 'n inligtingsgesprek met Kobus van Wyngaard en dra op so 'n wyse die nodige inligting oor die werk en die visie van die Diensraad Gemeente-Ontwikkeling aan die vergadering oor.

DIENSRAADVOORSITTERS
Diensraad Gemeente-ontwikkeling – dr Willem Pretorius (Kameeldrif) word onbestrede herkies.
Diensraad Getuienis – ds Thinus Grobler (Noordoos-Pretoria) word onbestrede herkies**.**
Diensraad Gemeenskapsbetrokkenheid – twee nominasies is ontvang: dr Gustav Claassen en ds Johan van Loggerenberg
Diensraad Ondersteuning – twee nominasies is ontvang: dr Michiel van der Merwe en dr Johann Voges.

Tafelbespreking word gevoer om te reflekteer op gebeure van vanoggend en terugvoer word deur enkele tafels gegee.

TOEKENNINGS
1. Tienie Bosman – vir die man met die mooiste bene.
2. Hannes Peens – vir die liefdevolste beer.
3. Ouderlinge van Riviera – vir pyn en lyding.

A.4 REGTE
2.2.5 Bepaling 31.5.2 – voeg by: <u>vaste</u> eiendomme - *goedgekeur.*

A.7 GETUIENIS (SDG) (Agenda bl 61-68)
1- 8.2 - kennis geneem.

Ds Thinus Grobler spreek 'n woord ter inleiding. 'n Dankwoord word gespreek teenoor oom Kobus Minnaar, voormalige sendeling in Mosambiek.
Geleenthede om Evangelie te verkondig tydens die 2010 Sokker Wêreldbeker word bekend gemaak.
Ds Martiens Swart verwelkom vier sangers wat lidmate is van *Arcadia Faith Ministries;* hulle sing twee liedere (een in Engels en een in Afrikaans).

A.6 GEMEENSKAPSBETROKKENHEID (Agenda bl 48-60)

Ds Johan van Loggerenberg spreek 'n kort woord ter inleiding.
1-10 - kennis geneem.

Zimbabwe
Dr Gustav Claassen word bedank vir die groot werk wat hy doen ter ondersteuning van lidmate in Zimbabwe. Mev Grieta van Vuuren, eggenote van ds Piet van Vuuren van Harare word verwelkom. Sy dra die dank oor vanaf Zimbabwe se lidmate aan die sinode wat hulle in 'n ruim mate ondersteun. Ds Lizl-Louise Schoeman gee vir Grieta 'n groot druk en dra Zimbabwe aan die Here op in gebed.
Dankie aan almal wat nie-bederfbare voedsel gebring het.

OORHANDIGING AAN LEDE VAN DIE DKB
Die lede van die uittredende DKB ontvang elkeen 'n Bybel as simbool van waardering vir hulle dienste gelewer tydens die afgelope termyn.

Dr Roelf Opperman doen aankondigings. Hy stel die seëlversamelings van ds Cassie Carstens bekend.

Verversings 13:15 tot 13:45

EERSTE MIDDAGSESSIE

VERKIESING DIENSRAADVOORSITTERS
Diensraad vir Gemeenteontwikkeling – **dr Willem Pretoruis** (Kameeldrif)
Diensraad Getuienis – **ds Thinus Grobler** (Noordoos-Pretoria)
Diensraad Gemeenskapsbetrokkenheid – **dr Gustav Claassen** (Monumentpark)
Diensraad Ondersteuningsdienste – **dr Michiel van der Merwe** (Wierdapark-Suid)

Baie geluk en sterkte!

A.2 : 2.2.2.3 KERKHERENIGING (vervolg)
Voorstel van luisterspan (Herman Carelsen/Malan Nel) – *goedgekeur:*
Die Noordelike Sinode:
1. Bevestig dat ons verbintenis aan kerkhereniging uit ons oortuiging vloei dat ons mense is wat deur die genade van God Drie-enig nuutgemaak is en daarom geroep is om gebroke verhoudings te herstel en as kerk van Christus versoening en hoop in ons wêreld te bring (vgl Roepingsverklaring).
2. Verbind ons opnuut aan die proses op Algemene Sinodale vlak en versoek die SDR om binne die reeds bestaande besluite van die Noordelike Sinode aktief aan die proses deel te neem.
3. Erken dat daar oor die modelle van strukturele eenheid en die proses om eenheid te bereik tans geen eenstemmigheid bestaan nie.
4. Erken dat die verloop van die proses tot dusver tot baie onsekerheid en ongemak gelei het en dat daar kennis geneem word van heelwat gemeentes se sterk afwysing van die Algemene Sinode se dokumentasie en werkswyse. Ons het waardering dat die SDR en ASM dit reeds erken het. Ons aanvaar egter alle persone wat by die kerkherenigingsproses betrokke was se integriteit .
5. Ervaar dat die openbare gesprekvoering oor die proses deur leierskap op die Algemene Sinodale vlak van die NGK, URCSA , RCA en NGKA die proses op streeksvlak erg benadeel.
6. Erken dat daar in gemeentes in die NG Kerk lidmate is wat met kerkhereniging as sodanig probleme het.
7. Aanvaar dat die land se omstandighede (onder andere misdaad en grondeise) dit moeilik maak om die wil van die Here vir sy kerk te onderskei – *word geskrap*
8. Besef dat in ons ywer vir kerkhereniging ons nie genoegsaam aandag daaraan gee om mekaar in ringe te begelei om deur die bou van verhoudings ons en ons gespreksgenote se vrese, voorbehoude en drome te hoor nie. Ons versoek die SDR om 'n ad hoc span saam te stel en daarvoor te begroot om met ringskommissies in gesprek te tree sodat elke ring 'n eie proses hiervoor kan ontwerp en bedryf.

9. Bid dat die proses wat dikwels die indruk van vasgelooptheid wek sal voortgaan sodat ook dit 'n getuienis in ons wêreld kan wees dat gelowiges daartoe geroep is om alles in ons vermoë te doen om mekaar te hoor.

Die oorspronklike aanbevelings (A.2: 2.2.2.3) verval hiermee.

Die snode sing Lied 280 *Here, Redder, groot en magtig.* Die moderator doen 'n gebed.

Verdaag 15:15 vir verversings. Dank aan AVBOB wat die lekker toebroodjies geborg het.

TWEEDE MIDDAGSESSIE

Musiekspan lei lof en aanbidding. Dankwoord aan Attie en Renate Nel en die musiekspan.

WAT DOEN DIE KERK?
Stories van "Hoop-en-verskil" word vertel
* Francois Smit (PEN-Aksie)
* Pieter Prozesky (Judea Getuienis Forum - Mokhopane)
* Martiens Swart (Pretoria Faith Communitues Pretoria)
* Ockie Raubenheimer (SA Gemeente Londen)
* Elize Bosch (MES-Aksie Hillbrow)

Die voorsitter geen aan 'n paar persone kans om hulle gemeentestories met die sinode te deel..

Refleksie – lede kry geleentheid om die dag te evalueer.

Toewyding -- ds Attie Nel en sy span lei die geleentheid.

Aankondigings – Roelf Opperman.
Verdaag 17:45.

KAMPVUURSTORIES EN BRAAI = 18:00
Blou Willem (Willem Theron) besoek die sinode en kuier saam om die kampvuur.
Geen aandsitting.

DERDE SITTINGSDAG: DONDERDAG 4 SEPTEMBER 2008

EERSTE OGGENDSESSIE

WYDINGSGELEENTHEID – 08:00
Ds Attie Nel neem die leiding.

TERUGVOER
Dr Roelf Opperman gee terugvoer oor die resultate van die evalueringsvorms van die tweede sittingsdag.

Kerkhereniging -- dr Dewyk Ungerer gee regstegniese inligting ten opsigte van sekere aspekte van kerkhereniging (veral aangaande die Belhar belydenis).

Dankwoord aan die seniors van Sesmylspruit wat die tafelbeertjies gebrei het.

Enkele afkondigings word gedoen.
Die moderator verwelkom die **moderator van die Algemene Sinode, prof Piet Strauss**, by die sinode. Hy spreek waardering uit teenoor prof Strauss wie se leierskap by die ASM groot rustigheid en deelname bring.

VOORDRAG: PROF PIET STRAUSS
Prof Strauss spreek die vergadering toe. Hy noem drie groot sake:
1. Die kerk hou vas aan kernwaardes en dit bind ons saam.
2. Kerkhereniging.
3. Uitsprake van die ASM oor sake van die dag.

Prof Malan Nel bedank prof Strauss en wens hom sterkte toe met sy groot taak Die sinode sing hom die seën van die Here toe met die woorde van Lied 268.

'n Offergawe vir Zimbabwe word opgeneem.

VOORSTEL: SDGB EN SDG (PF Smit/GF Claassen) **-- die voorsitter reël dat in die lig van Bep 35.2.3 die voorstel verwys word na DKB.**
Met die oog op ons volgende sinode versoek ons die 2 diensrade (SDGB en SDG) om met 'n voorstel tot amalgamasie na die sinode te kom en wel om die volgende redes :
1. Die teologiese tendens is om nie meer skeiding te maak tussen "getuienis" en "gemeenskapsbetrokkenheid". Missiologies is dit nie meer verantwoordbaar nie.
2. Organisasies (soos onder andere PEN-aksie en Hospivisie) hoort by albei diensrade aangesien hulle alreeds nie skeiding maak tussen diè twee take van kerkwees nie.
3. Die Algemene Sinode het reeds tot hierdie stap oorgegaan met die Algemene Kommissie vir Diensgetuienis.

VOORSTEL : ALTERNATIEWE ELEMENTE EN RITUELE (PJ Kriel/E Jacobs) – *goedgekeur:*
Die Sinode versoek die SDR om teologiese refleksie te doen oor die instel en gebruik van alternatiewe elemente en rituele vir die sakramente.

VOORSTEL : HOUDING TEENOOR BELHAR (G Bothma/JAS Peens)
Verslag SDR : bl 12 punt 2.2.2.3
1. Ter wille van die kennisname van die ad hoc span en die proses vorentoe, dui die sinodegangers per stembrief aan of hulle houding positief, negatief of onseker jeens die Belydenis van Belhar is.
2. Hierdie aanduiding mag nie as 'n aanvaarding of verwerping van die belydenis vertolk word nie.
ORDEMOSIE (Dr Herman Carelsen) – *goedgekeur:*
Dat die voorstel nie ontvanklik is nie.

LAATSTUK: GRAVAMEN ART 9.2 (KERKRAAD LEVUBU) – *goedgekeur:*
(op voorlegging van Sinodale Taakspan Regte)
Die sinode
1. neem kennis van die laat ingekome stuk van die kerkraad van Levubu;
2. verwys die stuk na die SDR vir studie;
3. versoek die moderatuur om die kerkraad te ontmoet vir 'n pastorale gesprek oor die tussentydse toepassing van Kerkorde artikel 9.2.

DIE KRUIS, DIE HAND EN DIE KREMETART
Ds Cassie Carstens gee 'n voordrag oor die ontstaan en inhoud van die sinode se logo. Inhoud van voordrag = E.4 in Handelinge.

BESKRYWINGSPUNT: FUNKSIONERING VAN RINGE (Ring van Pretoria-Noord) (Agenda bl 69 – 76)
Dr Gustav Claassen lei die gesprek in.

Dr Herman Carelsen stel die beskrywingspunt:

Die ringe groepeer rondom tafels en kry opdrag om oor die volgende vrae te gesels:
1. In die groep, deel jou insigte ten opsigte van die beskrywingspunt
2. Hoe sien jy die visionerings- en motiveringstake van ringe?
3. Wat sou jy sê: om ringe beter te laat funksioneer, hoe moet hulle saamgestel word? 1 Geografies 2 Assosiasie 3 Ander.

Enkele ringe kry geleentheid om terug te rapporteer.

2.1 BEMAGTIGIBNG VAN RINGE – *goedgekeur* (beskrywingspunt van die Ring van Pretoria-Noord)**:**
2.1.1 Die sinode besluit om tot by die volgende sinodesitting aktief aan die afwenteling van werksaamhede en leierskap na ringe te werk en om ook te werk aan die opbou van 'n sisteem waarvolgens die sinode sterk fokus op die bemagtiging van die ringe.
2.1.2 Die sinode gee opdrag aan die SDR om leiding te neem met die volgende proses as riglyn:
2.1.2.1 Die nuutverkose SDR evalueer in 'n gefasiliteerde werkswinkel die werksaamhede van die sinode aan hand van die volgende riglyne.
***1. Die ring word deur die sinode erken as die primêre ruimte waarbinne gemeentes binne die presbiteriale kerkregering verantwoordbaar is. Binne die ringsisteem moet die saamdink oor teo-**

logiese sake, die profetiese stem in die gemeenskap en toesig oor die versorging en begeleiding van ampsdraers tot sy reg kom.
***2. Die sinode aanvaar dat die huidige werksaamhede van die sinode en toedeling van bronne uit gemeentes daartoe kon lei dat ringe in teologiese en profetiese werksaamhede nie tot hulle reg kom nie.**
***3. Die belangrikste fokus van die sinode is om 'n sisteem van ringe te koördineer waar met maksimum deelname van gemeentes die kollektiewe gesprek oor konfessionele en teologiese sake sowel as die profetiese roeping in die gemeenskap kan geskied.**
***4. Die sinode aanvaar die roeping om op versoek van ringe of per besluit van 'n sinode die volgende sake te hanteer:**
***4.1 Gesamentlike werksaamhede wat nie slegs tot ringe beperk is nie byvoorbeeld teologiese opleiding, uitreikprojekte wat oor die hele sinodale gebied strek en studente bediening.**
***4.2 Gesprekke met provinsiale owerhede. Gesprekke met die provinsiale owerheid moet deur die betrokke ringe gekoördineer word.**
***4.3 Verantwoordelikhede soos kerkordelik aan die sinode opgedra.**
***4.4 Koördinering van effektiewe sisteem van rings- en Algemene Sinodale werksaamhede.**
***4.5 Die daarstel van ad hoc-werkgroepe om op versoek van ringe spesialiste in die sinode saam te groepeer wat as bronne vir die gesprekke en werksaamhede van die ringe kan funksioneer.**
***4.6 Daarstel van administratiewe steunstelsel vir die funksionering van ringe.**
***5. Die sinode aanvaar dat daar sterk klem geplaas moet word op die soek na samewerking met die breëre liggaam van Christus by projekte en werksaamhede wat in die breëre gemeenskap geloods word.**
2.1.2.2 Die evaluering van die SDR moet deur die werkgroep van die sinode wat daarvoor aangewys is met ringe deurgepraat word met spesifieke aandag aan die volgende sake:
***1. Die kapasiteit wat binne die ringe ontwikkel moet word om die werksaamhede van die ring effektief te laat verloop.**
***2. Die ondersteuning wat vanaf die sinodale struktuur benodig word om die werksaamhede van die ringe effektief te laat verloop.**
***3. Die moontlike herstrukturering van ringe om geografiese en kategoriale behoeftes aan die orde te bring.**
***4. Die werkgroep kan met die goedkeuring van die betrokke ringskommissies ringe saam groepeer vir gesprekvoering en onderhandeling.**
***5. Die ontwikkeling en bemagtiging van leiers om in die koördinering van die ringsisteem leiding te neem.**
2.1.2.3 Die SDR kry afhandelingsbevoegdheid om die onderhandeling oor werksterreine, herstrukturering van ringe, die skep van kapasiteit en die koördinering van die sisteem te formaliseer en aan die eersvolgende sinode verslag te lewer.
2.1.2.4 (Byvoeging : PR du Toit/E Kruger) **–** *goedgekeur:*
As deel van hierdie ondersoek moet daar ook gefokus word op die grootte van ringe en die gevolglike moontlike hersamestelling van ringe.

Dankwoord aan drr Claassen en Carelsen. Versoek dat persone wat belangstel om in die taakspan te dien hulle name vir dr Claassen te gee.

VOORSTEL : WERKLADING AKTUARIUS (DB de Vos/GJ Roets) – *goedgekeur:*
In die lig van die gespesialiseerde aard van en die werkslading (onder andere tribunaal) van die aktuarius, versoek die sinode die SDR om aandag te gee aan 'n meer permanente pos van aktuarius.

Zimbabwe offergawe beloop R23 628.
Ds Piet van Vuuren spreek 'n dankwoord. Die sinode se welwillendheid het "die smaak van brood en wyn!"

Neels Jackson (BEELD) word bedank vir sy eerlike beriggewing en 'n Bybel word aan hom oorhandig.

Dr Roelf Opperman doen enkele aankondigings.

'n Dankwoord namens die studente van Tukkies word deur die Deo Gloria voorsitter, Wynand van Niekerk gedoen.

Hermien Swart word vir al haar dienslewering by die sinode, sowel as deurgaans by die kerkkantoor, bedank. 'n Sertifikaat word aan haar oorhandig.

JOERNAAL VAN HOOP – Anton Pienaar en Bybel Media word bedank vir die beskikbaarstelling van die boek (gerig op die geskiedenis van die Noordelike Sinode).

NOTULE: EERSTE SITTINGSDAG - *goedgekeur*
Die res van die notule word deur die moderatuur goedgekeur.

Tafelgebed -- ds Lou-Marié Denton (Pietersburg-Oos).

Liefdesete – 11:10 tot 11:45.

TWEEDE OGGENDSESSIE

VOORSTEL : EENHEIDSGESPREKKE MET ANDER KERKE (JCF Harris/PCN Prozesky) -- *goedgekeur:*
Die sinode versoek die ASM om in die lig van die huidige impasse in die kerkhereningingsgesprek nie fokus te verloor op eenheidsgesprekke met ander kerke van gereformeerde oorsprong nie.

KOMMISSIE VIR KOMMISSIES (voorgelê deur Malan Nel/Gerrit Cloete ter uitvoering van Bep 35.4) – *goedgekeur:*
1. SINODALE DIENSRAAD (SDR) (Vgl Bepaling 35.1)
1.1 Moderatuur: dr JF Pienaar (moderator), prof M Nel (assessor), dr L Ungerer (aktuarius) en ds L Schoeman* (addisionele lid)
1.2 Diensraadvoorsitters: dr WA Pretorius (SDGO); ds MJ Grobler (SDG); dr GF Claassen (SDGB), dr MN van der Merwe (SDO).
1.3 Ringverteenwoordigers
* *Daspoort*: ds AR Vivier, oudl FJ Grobler (p); ds H Lambrechts, oudl AS van der Merwe (s)
* *Derdepoort*: ds DH Janse van Rensburg, oudl WP Roux (p); dr JJ Laas (s)
* *Krokodilrivier*: dr C Gericke, oudl SS Wolvaardt* (p); ds K Mouton, diaken S Dippenaar (s)
* *Louis Trichardt*: ds PJ Kriel, oudl DA Grobbelaar (p); ds LA Badenhorst, oudl JJ Dixon (s)
* *Midde-Afrika*: ds PFJ van Vuuren, oudl C Brand (p); ds JG Haasbroek, oudl LJ Cremer (s)
* *Northam*: dr MJ Benade, oudl JP Kotzé (p); ds C Schunke, oudl G van der Merwe (s)
* *Pietersburg*: ds GG Haumann, oudl HM Horn (p) dr G Bothma, oudl. P van der Merwe (s)
* *Pietpotgietersrus*: ds B Rademeyer, oudl PCN Prozesky (p); ds JAS Peens, oudl C du Toit (s)
* *Pretoria-Noord*: ds P Viljoen, oudl RJ Engelbrecht (p)
* *Pretoria-Oos*: dr A van Niekerk, oudl L Crewe-Brown (p); dr A le Roux, oudl D du Toit (s)
* *Rustenburg*: ds AS Nel, oudl TH Brough (p); ds BJ van Tonder, oudl MH Pieters (s)
* *Sentraalmoot*: dr SI Cronje (p)
* *Sesmylspruit*: dr MN van der Merwe, oudl DS de Klerk (p); ds EL Haarhoff. diak GJ van Zyl (s)
* *Suidoos-Pretoria*: ds P Oosthuizen, oudl JM van Heerden (p); ds MJ Bosman, oudl E Kruger (s)
* *Valhalla*: ds GJ Hugo, oudl R Hugo* (p); ds M Cornelissen, oudl F van Staden (s)
* *Waterberg*: ds WHS Wolhuter, oudl FJ Kotze (p); ds J Steenkamp, oudl JW van Schoor (s)
* *Wonderboom*: ds T Verbeek, oudl F Botha (p); dr R Opperman, oudl P Heymans (s)
1.4 Bykomende lede: 'n Maksimum van 5 persone kan deur die SDR aangewys word.
1.5 PSD: dr GJ Cloete; saakgelastigde: mnr JB Kruger.

2. DIENSGROEP KOÖRDINERING EN BESTUUR (DKB) (Vgl bepaling 35.2.1)
2.1 Moderator: dr JF Pienaar, assessor: prof M Nel, aktuarius: dr L Ungerer, addisionele lid: ds L Schoeman*.
2.2 Diensraadvoorsitters: dr WA Pretorius (SDGO); ds MJ Grobler (SDG); dr GF Claassen (SDGB), dr MN van der Merwe (SDO).
2.3 Uitvoerende beampte: dr GJ Cloete; saakgelastigde: mnr JB Kruger.

3. DIENSRADE
Word aangewys deur die DKB (vgl bep. 35.3.3).

4. SINODALE TAAKSPAN REGTE (STR)
(Dien ook as lede van die Sinodale Tribunaal)
Dr Dewyk Ungerer (aktuarius, voorsitter); drr Gerrit Cloete (oudl Waverley) en Chris Harris (Potgietersrus-Suid), di Christo van Vuuren (Sesmylspruit) en Deon Strauss (Rustenburg-Proteapark), oudle Eugene Kruger (Universiteitsoord) en Fanie Visser (Kameeldrif). Adviserend: dr Flip du Toit (namens Teologiese Fakulteit UP).

5. SINODALE TAAKSPAN VIR PREDIKANTEBEGELEIDING (STPB)

5.1 Taakspan (STPB)

Prof Malan Nel (assessor); dr Johan van den Heever (Eldoraigne, mentorsprogram), dr Roelf Opperman (Kameeldrif, induksie), ds. Wollie Wolhuter (Waterberg, retraites), ds Paul Grobler (Universiteitsoord, predikanteversorging), ds Johan van Loggerenberg (Noordoos-Pretoria, brugpastoraat) en ds Leon Forsman (Overkruin, skriba).

5.2 Uitgebreide taakspan (USTPB)

Die STPB plus ringverteenwoordigers:
Daspoort: ds George Nel / *Derdepoort*: ds Danie Janse van Rensburg / *Krokodilrivier*: ds JJ Joubert, *Louis Trichardt*: dr Philip Venter; / *Midde-Afrika*: ds Johan Haasbroek / *Northam*: ds Carl Schunke / *Pietersburg*: dr Gerhard Bothma / *Pietpotgietersrus*: dr Willus Knipe / *Pretoria-Noord*: ds Pieter Viljoen, / *Pretoria-Oos*: ds Christoph Muller / *Rustenburg*: dr Herman Jansen / *Sentraalmoot*: dr Fanie Cronjé / *Sesmylspruit*: dr Kobus Myburgh / *Suidoos-Pretoria*: ds Tienie Bosman / *Valhalla*: dr Johan van den Heever / *Waterberg*: ds Wollie Wolhuter / *Wonderboom*: ds Jampie Nel.

6. VERTEENWOORDIGERS (Vgl bepaling 35.4)

6.1 Kuratorium Teologiese Fakulteit Pretoria : Primarii: drr Kobus Gerber (Riviera), Christiaan Gericke (Krokodilivier), James Kirkpatrick (Suidoos-Pretoria) en Marius Nel. Sekundi: drr Gustav Claassen en Herman Carelsen.
6.2 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Stellenbosch : drr Flip du Toit (Universiteitsoord) (p) en James Kirkpatrick (Suidoos-Pretoria) (s).
6.3 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Bloemfontein : drr Kobus Schoeman (Riviera) (p) en Herman Jansen (Rustenburg- Bergsig) (s).
6.4 Gesamentlike Sinodale Kommissie van die Vier Transvaalse Sinodes (vgl Reglement vir die GSK): Primarii: Drr Johan Pienaar, Malan Nel, Dewyk Ungerer, Gerrit Cloete en Michiel van der Merwe (p); sekundi: ander lede van die DKB.
6.5 GKABID : Ds Cassie Carstens (Wierdapark-Suid) (p); ds Pieter Viljoen (Akasia) (s).
6.6 Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys (aanbeveling SDG): Die IKKO is in die Tussenkerklike Raad (TKR) opgeneem en het gevolglik verval.
6.7 Sinodale Getuienisforum (aanbeveling SDG): Ds Thinus Grobler plus verteenwoordigers aangewys deur die nuut gekonstitueerde SDG.
6.8 Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Versoek die Ring van Pretoria-Noord om met verslag aan die SDR die verteenwoordiging te reël.
6.9 Gesamentlike Sending Mosambiek (aanbeveling SDG): Word aangewys deur die nuut gekonstitueerde SDG.
6.10. TOIBO (aanbeveling SDGB): Ds Leon Tait (Rietfontein-Suid) (p); Andre Vivier (Eloffsdal-Wes) (s).
6.11 SKDB Maatskappy (aanbeveling SDGB). Die lede wat by die 2005-sinode aangewys is se termyn as lede van die SKDBM verstryk in September 2009. Lede vir die volgende 2-jaar termyn word deur die SDR op aanbeveling van die SDGB aangewys.

7. AD HOC-TAAKSPAN VIR RINGGESPREK INSAKE KERKHERENIGING

7.1 Die volgende is genomineer: oudl Danie Steyn, oudl Dirk de Vos, Herman Carelsen, Kobus Myburgh, Wynand Olivier, Andre van Niekerk, oudl Dawie Niemann, Attie Nel, Jan de Beer, Fanie Cronje, Willem Pretorius, Petrus Kriel, Kobie Breedt, Danie Jordaan, Rinel Hugo, Kobus Schoeman en Gideon Roets.
7.2 BESLUIT: Die genomineerdes ontmoet voor die verdaging van hierdie sinode (sameroeper Herman Carelsen) en kom ooreen op 'n kernwerkgroep en werkwyse met verslag aan die SDR.

8. 'n POEL VAN GEWILLIGES

'n Hele aantal persone het gebruik gemaak van die uitnodiging om hulle vir diensrade / taakspanne beskikbaar te stel. Hierdie name word aan diensrade / taakspanne deurgegee.
BRIEF VAN OOM DIRK VILJOEN (voormalige skriba van die sinode, tans emeritus in Queenswood) – kennis geneem met groot dank.

LERAARS WAT DV EMERITEER

Die volgende leraars gaan DV emeriteer voor die volgende sitting van die sinode (in 2012?):
Ds Philip Bergh (Quaggapoort)
Ds Cassie Carstens (Wierdapark-Suid)
Ds Coenie Swart (Rustenburg-Bergsig)
Ds Johan van Loggerenberg (Noordoos-Pretoria)

IN MEMORIAM

Die volgende leraars is sedert die vorige sinode (2005) oorlede (sien die Jaarboek vir huldeblyke):

Ds Bertie Burger – emeritus Pietersburg-Noord
Ds Stoffel Colyn – emeritus - voormalige hoofkapelaan SAP
Dr Johannie Cronjé – emeritus Algemene Sendingkantoor
Ds Abraham Dekker – emeritus Louis Trichardt
Dr Hennie Dreyer – leraar Haakdoorn
Ds Henk Grobler – emeritus Raslouw.
Ds Eric Harrington – emeritus Voortrekkerhoogte
Ds André Louw – leraar van Akasia
Ds Pieter Louw – emeritus Overkruin
Ds Chris Naude – emeritus - voormalige Kapelaan-Generaal van die SAW
Ds John van der Westhuizen – emeritus Zebediela
Ds Harry Witthuhn – emeritus Pretoria Tuine

Ringe vergader rondom die tafels en gesels oor hulle belewenisse vanoggend. Enkele ringe rapporteer terug.

Sinodegangers maak hulle handafdrukke op doeke om hulle daarmee te verbind aan die visie en voornemens van die sinode.

Finale evalueringsvorms word ingevul.

Die moderator verklaar dat die sakelys afgehandel is.

BEDANKINGS
Die assessor bedank enkele persone en instansies, asook die moderator vir sy leiding.

AFSLUITING
Sinode sing FLAM 39.
Die nuwe moderator (dr Johan Pienaar) deel sy droom vir die sinode na aanleiding van sy kleinseun wat gevra het: "Oupa, ek het vannag gedroom! Het oupa ook gedroom?" (vergelyk Martin Luther King: "I had a dream")
Droom ons nog? Hy droom:
* Dat 124 briefies sal kom van gemeentes wat sê: "kan ons nog 'n sinode hou – ons het nuwe stories!"
* Dat mense nie meer sal vra "wat sê die sinode" nie maar uitroep "gaan kyk wat gaan aan in gemeentes"
* Dat dominees hier sal wegstap met die begeerte om te gaan waag en te gaan probeer
Die oplossing lê hier! By ons!
Droom jy?

Sinodegangers verdaag teen 12:30

HIERMEE IS DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE
NEGENTIENDE SITTING
VAN DIE
NOORDELIKE SINODE
AFGEHANDEL.

SOLI DEO GLORIA